Caritas

Die gemeente se diens van barmhartigheid

Baie dankie omgee-gemeente vir jul volgehoue ondersteuning in die vorm van geloofsofferbydraes, asook produkte, goedere en klere. Caritas se uitgawes beloop R6 000 per maand. Dit word aangewend om vir 5 behoeftige gesinne in ons gemeente maandeliks kruideniersware te koop en R1 500 word aan Huis Marie Louw oorbetaal vir die aankoop van doeke. Sonder julle onder-steuning sal ons nie hierdie diens kan lewer nie.

Hester Loots
Voorsitter: Caritas

BORG van die maand

Feather Dusters
Johan Bruwer
084 871 0138
johan@fdusters.co.za

Gebedsonderwerpe

- Vir die komende skoolvakansie – dat onderwysers en leerders kans sal hê om hulle batterye te herlaai vir die nuwe kwartaal. Bid ook vir die beskerming van leerders wat tuis sonder toesig sal wees.
- Bid vir stabiliteit in ons land in die aanloop tot die ANC se leierskapsverkiesing aan die einde van die jaar.
- Rampbestuurspanne van die metro en omliggende munisipaliteite wat die uitwerking van die winterstorms moet hanteer. Bid ook vir hulporganisasies wat uitreik na slagoffers van die storms. Bid vir vrywilligers en vir finansiering.
- Vir die personeel van die hospitale in ons omgewing. Bid dat hulle met toewyding sal werk en altyd die pasiënte eerste sal stel. Bid ook vir geduld en meelewendheid.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

JUNIE se deurkollektes

05 Jun: Gemeentebediening – R2 429
12 Jun: Projekte 2022/23 – R1 139
19 Jun: Helderberg Hospitaal – R1 000
26 Jun: Sinode: Bediening aan die Jode

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan
Snap here to pay
Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

26 Junie 2022

Oggenddiens 09:30

Baie welkom in die Omgeegemeente se erediens noudat ons weer vrygemaak is van maskers en sanitasie en al die beperkende – en inperkende maatreëls wat ons menswees gesteel het. Vandag sluit ons by verlede week se nadenke oor Elia aan deur in 2 Konings 2:1-15 die werk, opdragte en gehoorsaamheid van/aan Elisa, Elia se opvolger, te bestudeer. Mag die Here ons by hierdie geleentheid seën met sy teenwoordigheid en die vermoë om sy stem te hoor.

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees. **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die eredienstyd.

Geen meditatiewe dienste
Volgende geleentheid: 24 Julie

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kerkkalender.
Volgende geleentheid: **22 Julie 2022**
* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *
Ons behandel James Bryan Smith se
"The Good and beautiful God"

Voorbidding

- **Harold Groenewald**, knievervanging.
- **Piet Maritz,** herstel na operasie.
- **Maretha Kirstein**, hospitaal.
- **Freddie Stockigt**, sterk tuis aan na knievervanging.
- **Theresa v Zyl,** sterk tuis aan na knievervanging.
- **Cecilia v Zyl,** sterk tuis aan na skouervervanging.
- **Aletia Waring,** Spescare.
- **Koos Swart,** sterk aan na skoueroperasie.
- **Hannetjie Sieberhagen**, sterk aan na knievervanging.
- **Ina Montini,** sterk aan na heupvervanging.
- **Stella vd Westhuizen,** behandeling
- **Bets de Klerk,** terminaal.
- **Cecile Maree**, gesondheidsprobleme.
- **Elize Basson**, sterk aan.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.

Bybelstudie Woensdae

Die Bybelstudies hervat weer na die skoolvakansie op **20 Julie 2022.**

Gebedsgroep Woensdae

Hervat weer na die skoolvakansie op 20 Julie 2022.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!